LAERSKOOL HELDERKRUIN

Privaatsak X01, Helderkruin 1733
Telefoon: 764 2506/7 Faks: 764 5602
E-Pos: helder2@global.co.za
Webblad: http://www.laerskoolhelderkruin.co.za

Koorbrief 5

2011 05 04

Geagte koorouers

1. Koorfees

1.1 Baie dankie vir u opgewondenheid saam met ons oor ons Koorfees volgende Woensdag, 11 Mei. Baie dankie vir elkeen wat hulp aangebied het. Met só 'n groep Koorouers kan dié Koorfees net 'n sukses wees!

Ons is ook baie dankbaar vir die donasies wat reeds ontvang is en glo die beloftes wat gemaak is, sal eersdaags skool toe gestuur word. Dit moet asseblief by me Carien Horn in die musiekklas inbetaal word.

1.2 Ons benodig nog hulp!! ASSEBLIEF!!
1.2.1 Pappas, ons benodig hulp met die parkering vanaf 18:00 to 19:00.
1.2.2 Ons benodig ook nog 'n ouer of ouers wat kan foto's neem.

1.3 Kaartjies: R60 per persoon. Beskikbaar vanaf Donderdag, 5 Mei tydens administratiewe periode in die personeelkamer. **Geen** kaartjies sal verkoop word sonder die geld nie. (Soos altyd moet die geld in 'n koevert geplaas word met die koorlid se naam, graad en hoeveelheid kaartjies, bo-op die koevert aangedui). Geen bespreekte sitplekke nie. Deure open 18:30.

1.4 Plek: Hoërskool Roodepoort Grootsaal. Elke koor sal in 'n klaskamer gehuisves word totdat die program begin.

1.5 Tyd: 19:00 tot ongeveer 21:00. Kore meld **17:30** aan (in koordrag) vir massakoor-oefening.
Vanaf 18:10 tot 18:30 warm ons twee kore op die verhoog op.

1.6 Verversings: Daar is 'n kafeteria beskikbaar. Koorlede mag ook 'n kospakkie saamneem. (18:20 tot 18:40 geleentheid om te eet). Tydens pouse ontvang elke koorlid 'n "warmbrak" en 'n bottel water.

1.7 Vervoer: Eie vervoer. Indien 'n probleem ondervind word, reël met mede-koorlede of skakel me. Carien Horn by die skool **gedurende pouse.**

1.8 Program vir die aand se verrigtinge:

17:30 – 18:00	Al die kore oefen massakoor. Geen ouers sal toegelaat word in die saal nie.
18:00 – 18:20	Helderkruinkore doen klanktoets in die saal.
18:20 – 18:40	Koorlede besoek kleedkamers en eet eie kospakkie in klaskamer.
18:40 – 19:00	Koorlede tree voor klaskamer aan en maak gereed om in die saal in te beweeg.

LET WEL: GEEN VERVERSINGS WORD IN DIE SAAL TOEGELAAT NIE.

19:00 – 20:00	Eerste helfte van die program.
20:00 – 20:20	Pouse Koor bly sit in saal totdat konsertgangers die saal verlaat het. Kore verlaat dan ordelik die saal en beweeg na klaskamers vir verversings. Elke koor het 'n spesifieke klaskamer. Koorlede sal nie toegelaat word om buitekant in die koue rond te hardloop of na ouers te gaan soek by die snoepie nie.
20:20 – 20:45	Tweede helfte van die program. Koorlede neem plekke in saal in.
20:45	Massakoor

1.9 **Parkering**
'n Plan van die skool en parkeerplek sal binnekort aan u besorg word. Motorwagte is bespreek vir binne- en buitekant die skoolgronde.

2/…

2. ANDER OPTREDES

2.1 Koorbrief 4 bevat die voorlopige optredes vir die tweede en derde kwartale. Indien u nie die brief ontvang het nie, of dit dalk verlê het, is die brief beskikbaar by me Carien Horn.

2.2 **LET WEL:** Geen Koorfees op Vrydag 20 Mei in die Linder Ouditorium nie.

2.3 Die optrede op 21 Julie: Foyer Koorfees met Jakkie Louw, by NG Kerk Suiderlig, Krugersdorp. **ALBEI KORE NEEM DEEL.**

3. ADRES- EN TELEFOONBESONDERHEDE

Voltooi asseblief die strokie sodat ons die adreslys op datum kan kry en aan u kan besorg.

4. KOORBRIEWE PER E-POS

Indien u nie Koorbrief 4 per e-pos ontvang het nie, kan u ook op die skool se webtuiste registreer. Die Koorbrief gaan elke week daar ook beskikbaar wees. Me Carien Horn sal elke week 'n paar koorbriewe afrol wat u kind by haar kan gaan afhaal indien u so verkies.

5. OEFENTYE VIR RES VAN KWARTAAL

Juniorkoor : 13:30 tot 14:00 (Maandae tot Donderdae)
Kinderkoor : 13:45 tot 15:30 (Woensdae)

Die oggendoefentye vir die Kinderkoor tot 20 Mei: 7:00 – 7:30
Maandagoggende: 1) Tweede soprane en alte in me M Nel se klaskamer.
2) Eerste soprane in die musiekklas.

Dinsdag, Woensdag en Donderdag : Revuekoor in me M Nel se klaskamer: 7:00 – 7:30

Indien u enige vrae het, is u welkom om me Carien Horn gedurende pouses te skakel.

Ons het 'n besige tydjie wat voorlê!

Baie sterkte!

Helderkruingroete

C SCHUTTE
HOOF

C HORN
KOORORGANISEERDER

1. SKEURSTROKIE: ADRES- EN TELEFOONBESONDERHEDE:

Naam van Koorlid: ..... Graad: .....

Naam en van: Vader: .....

Naam en van: Moeder: .....

Adres: .....

.....

Vader Selnommer: .....

Moeder Selnommer: .....

Vader Werknommer:.....

Moeder Werknommer: .....

Vader Huistelefoon: .....

Moeder Huistelefoon:.....

---

2. SKEURSTROKIE: JUNIORKOOR EN KINDERKOOR

Ek het Koorbrief 5 ontvang en vind die reëlings in orde.

HANDTEKENING VAN OUER: …… ……..